LYNNWOOD GEMEENTE

'N JAAR VAN 2019 GASVRYHEID

13 JANUARIE

09:00 Erediens

Immanuel van Tonder

WELKOM in Ware Gasvryheid! Gen. 45 – 47

Vanoggend se musiek word verryk deur die fenominale jong soliste Erin Beck.

Nuwejaarstee in Koinonia

09:00 Kategese Gr 1 – 6 (begin in die kerk)

Registrasie en opening

Geen Kleuterkerk

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Fay van Eeden

Registrasie en opening | Grootgroep in die saal

19:00 Belydenisklas | Kapel

Opening

Baie welkom terug aan almal na die vakansie. Ons wens elkeen 'n jaar van innerlike groei toe. Ons sien met baie verwagting en opgewondenheid uit om in God gewortel 'n lewegewende gemeente te wees en 'n betekenisvolle verskil te maak. Mag 2019 vir jou God se aangename jaar wees!

Die Gasvryheidbediening nooi almal hartlik uit na 'n Nuwejaarstee na die oggenddiens in Koinonia. Baie dankie aan al die dames wat die eetgoed vir die tee voorsien.

Belydenisklas 2019: Onthou asseblief die belydenisklaskamp van 2 – 3 Februarie 2019.

Junior Kategese: Kom skryf jou kind in na die oggenddiens. Nuwe materiaal is beskikbaar. Jy kan die leesrooster onder oë kry en die leierspan ontmoet. Peet Crous 079 893 5572 en Christo Jacobs 082 651 7616.

20 JANUARIE

09:00 Erediens | Kerk

Eric Scholtz

09:00 Gesinsdiens | Saal

Peet Crous

09:00 Kategese Gr 1 – 6 | Saal

09:00 Kleuterkerk | Saal

18:00 Aanddiens & Pelgrimsgroepe (Snr. Kategese)

Jeanri Bezuidenhout

19:00 Belydenisklas

Belydenisklas en ouers ontmoet die predikante.

Fay van Eeden is in 2018 beroep na Stellastraat Gemeente en het die beroep daarheen aangeneem. Ons neem op 27 Januarie afskeid van haar tydens die oggend- en aanddienste.

Die week se kalenderaktiwiteite

Maandag:	**Diensverhoudinge Bedieningvergadering** 18:30 (Kerkkantoor).
Dinsdag:	**Bybelstudie** 08:15 (Nerina Deale, Elveramstraat 51, Lynnwood Glen, 012 361 1896) – Peet Crous 012 348 4004 | 079 893 5572. **Bybelstudie** 08:30 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 | 082 856 5959. **Nuwe Generasie Bybelskool** 19:00 (Sjêk) – Jakkie Strachan 084 547 1660.
Woensdag:	**Kleingroep vir Mammas met babas en kleuters** 10:00 – 11:30 (in die jeugsentrum) – Liesel Strasheim 082 344 4323 of Fay van Eeden 083 478 0854. **"Young couples"-omgeegroep** 19:00 – Fay van Eeden 083 478 0854. **Kerkraadagenda sluit.**
Donderdag:	**Bybelstudie** 09:30 (Lynnwood Oord). **Jong Volwasse Bybelstudie** (Sjêk) – Fay van Eeden 083 478 0854.
Vrydag:	**Bybelstudie** 08:00 (Kapel) – Eric Scholtz 012 361 4219 | 082 856 5959. **Gebedsgroep** 09:30 (B5). Kontak: Hanthi Jacobs 012 361 9058 | 083 293 0263 of Peet Crous 012 348 4004 | 079 893 5572 met gebedsversoeke.

Voorbidding

Theunis en Alet de Bruyn en familie, Royal Chalice 11, Mooikloof, 082 812 6765 en *Dirk en Amanda Talma en familie*, Utahstraat 306, Faerie Glen, 083 441 2714 – Theunis en Amanda se ma, Vera de Bruyn, is oorlede. Begrafnis was gister.

Juan Ferreira (koster), 084 588 4948 – Ouma is in die Hospitaal.

Belydenisaflegging

Aansoeke vir Belydenisaflegging op 10 Februarie suit 3 Februarie 2019. Alle aansoeke moet so gou moontlik by die kerkkantoor ingehandig word of e-pos dit aan bets@nglynnwood.co.za. Indien jy nog nie 'n vorm ontvang het nie, kontak asseblief die kerkkantoor by 012 348 1245 of stuur 'n e-pos.

Blommebediening

Kom help ons om die Sondag oggenddiens so mooi, verwelkomend en gesellig te hou soos dit nou is! Ons benodig nog mense om blomme vir die diens in die kerk te plaas. Laat jou kreatiwiteit vloei met die saamsit van die blomme vir almal om te geniet. Kontak vir Anna-Marie by 083 676 1145.

Oorweeg asseblief biddend 'n dankoffer d.m.v. een van die volgende wyses: koevert, aftrek- of debietorder of elektroniese oorplasing. Bankbesonderhede: NG Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr. 540 580 014 (gebruik asseblief u Voorletters en Van as verwysing) en e-pos bewys van betaling aan finansies@nglynnwood.co.za of *Snap Scan*.

Kontak van die week: Tegelyk Gaste en Gashere/vroue van God

Cas Wepener skryf dat Christelike gasvryheid nie maar net 'n mooi gedagte is nie, maar 'n deug wat van gelowiges *tegelyk gaste en gashere/vroue van God* maak.

God, ons Gasheer laat ons daagliks by 'n tafel van genade aansit wat Hy vir ons dek. Hy laat ons bekers en borde oorloop uit sy oorvloed. Ons is eregaste wat oorlaai word met goedheid en guns. Deur geloofsoë kan ons ervaar hoe die Here ons met liefde hartlik verwelkom en ons al die gawes uit die hemel gee wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. (Ps 23, Ef 1:3 en 2 Petr 1:3)

Die Emmaus-verhaal skilder 'n Jesus wat aan tafel sit en die brood neem, seën, breek en deel. In die breking van die brood ontdek hulle hoe Jesus, die opgestane Here, die eintlike Gasheer van hulle tafel is. Twee hoofstukke vroeër in Lukas 22, word vir ons vertel hoe Jesus in die donkerste nag denkbaar die Nagmaal instel. Lukas 14 se gelykenis oor die groot maaltyd beskryf vir ons die tafel van gasvryheid in die koninkryk van God, maar die gaste is verrassend genoeg die armes, blindes, kreupeles en verlamdes. In Lukas 7, by Simon die Fariseër se tafel, oortree Jesus die geldende reëls van daardie tye en sluit 'n vrou in deur haar aan Hom te laat raak. Op soortgelyke wyse gaan Jesus in Lukas 5 ook aan tafel en steek daar die grense radikaal oor deur saam met 'n groot aantal tollenaars en ander mense by Levi, die tollenaar, aan huis te eet, sodat die skrifgeleerdes by die dissipels gaan kla het deur te vra: “Waarom eet en drink Hy saam met tollenaars en sondaars?”

Hierdie grens-oorskreidende, almal-insluitende, radikale gasvryheid van Jesus – 'n gasvryheid wat vir ons reg in die hart van God laat inkyk, roep ons om self ook gasvrye gashere en gasvroue te wees.

Gasvryheid, klink so mooi en maklik, so alledaags en na iets wat mense mos maar in elk geval doen. Die woord 'gasvryheid' het vir baie mense betekenisse soos om goeie vriende oor te nooi vir ete of soos die woord wat in die hotelwese, oftewel gasvryheidsbedryf, gebruik word. Hierdie assosiasies is inderdaad deel van die betekenis van die woord, maar tog het 'gasvryheid' in die Christelike geloof 'n veel dieper, belofteryke en selfs gevaarlike betekenis.

Gasvryheid gaan nie soseer daaroor om 'n stylvolle tafel met foutlose kos voor te sit nie, maar om eerder die deur van jou gasvrye hart oop te maak vir ander. Vreemdelinge word gaste. Jy gee ander toegang tot jou warm hartlike liefde, deernis, aanvaarding en vergifnis. *Dit gaan dus oor 'n manier van leef, nie net 'n manier van eet en kuier nie.*

Jy leef gasvry in die manier waarop jy met jou naby mense se foute omgaan. Die vreemdes elke dag op jou lewenspad, ook die moeilikes, word met gasvryheid begroet. Veral mense wat in die samelewing uitgeskuif of as minder belangrik gesien word, word deur jou gasvrye teenwoordigheid omhels. So dek jy ook heeldag die tafel vir ander met die gawes uit die onuitputlike tafel wat God daagliks vir jou dek.

Die skrywer van die Hebreërbrief (13:2) skryf 'n verrassende sin oor gasvryheid: “*Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.*”

Frederick Buechner stel dit selfs nog sterker: *"The sacred moments, the moments of miracles, are often everyday moments, the moments which, if we do not look with more than our eyes or listen with more than our ears, reveal only.... the gardener, the stranger coming down the road behind us, a meal like any other meal. But if we look with our hearts, if we listen with all of our being and our imagination - if we live our lives not from vacation to vacation, from escape to escape, but from one miracle of one instant of our precious lives to the miracle of the next - what we may see is Jesus himself."*

Ons gemeente fokus in 2019 op 'n jaar van gasvryheid. Mag die warm liefdevolle hart van God wat jou uit genade oorlaai met hartlikheid, jou transformeer om ook met 'n gasvrye hart te leef!

Groete
Immanuel van Tonder

helplift NETWORK

EK BIED MY GAWE AAN:

LYNNWOOD GEMEENTE

Naam _____

Selfoonnommer _____ Landlyn nommer _____

E-posadres _____

Kort beskrywing van Gawe

_____

Terme en Voorwaardes van gawe (bv. X2 mense per week, Maandae)

_____

_____ _____

Handtekening Datum

*** Handig asseblief in by die *Info*-toonbank, kerkkantoor of in die mandjie in die portaal.

*** Skakel 065 383 7292 of stuur gerus ook per epos aan helplift@nglynnwood.co.za.

Baie welkom aan alle besoekers en nuwe intrekkers. Ontmoet gerus die predikant na die oggenddiens by die liturgiese ruimte. Skryf asseblief ook u naam in die boek in die portaal of skakel die kerkkantoor. Ons wil u graag verwelkom. Besoek ook gerus die Info-toonbank na die oggenddiens vir enige navrae.

Gemeenskap

Groot, gemeubileerde, tuinwoonstel vir enkelpersoon te huur in Strubenkop-sekuriteitsoord (uitsig op die Universiteit se proefplaas). Onmiddellik beskikbaar @ R4 400 p.m. (water en ligte ingesluit). Skakel Dr Viljoen by 082 900 5566.

Te huur: Opgegradeerde 2 slaapkamer wooneenheid in Lynnwood, Pretoria. Sentraal geleë in veilige en stil omgewing met pragtige tuin. Beskikbaar vanaf 1 Februarie 2019. Skakel eienaar by 084 639 0214 | 074 525 1755.

Tuinwoonstel te huur: 2 Slaapkamers, kombuis/woonvertrek, waskamer, stort en toilet apart, eie tuin, dubbel motorafdak. Goeie Sekuriteit. R8 000 pm water en ligte ingesluit. Sussexlaan, Lynnwood. Kontak Jan 082 784 0807.

Kamers te huur in Lynnwood: Sekuriteits-area : Studente-/jongwerkendes. Vir meer inligting kontak Alex Grobler 083 584 3753 of e-pos alexgrobler44@gmail.com.

Herwinningshouers is in die parkeerarea (Sussexlaan) – bring gerus herwinbare artikels. **Maak asseblief artikels soos kartonhouers en blikkies plat.**

Kennisgewingborde: Indien u 'n kennisgewing op die borde wil plaas, bring dit asseblief na die kerkkantoor of *Info*-toonbank – baie dankie vir u samewerking in dié verband.

Motorwagdonasies: Houers in die portaal beskikbaar – dankie vir u ondersteuning.

Byderhand: Kragonderbrekings: 012 339 9111 (080 111 1556 tolvry) of SMS "power" gevolg deur jou rekeningnommer na 082 612 0333. Straatligprobleme: 080 111 1556 of e-pos customercarep@tshwane.gov.za. Slaggate en/of robotte uit: e-pos customercare@tshwane.gov.za. Water probleme: 012 358 2111 of 012 327 0147 of e-pos customercare@tshwane.gov.za.